# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT V2

NOVEMBER 2023

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. **Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

   **AFDELING A: Kortverhale [30]**

   **AFDELING B: Gedigte [30]**

   **AFDELING C: Filmstudie [10]**

3. **Beantwoord AL die vrae.**

4. **Begin elke nuwe afdeling op 'n nuwe bladsy.**

5. **Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Skryf netjies en leesbaar.**

***STERKTE!!***

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**VRAAG 1: Ek is hier (Solet Scheeres)**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur. Volg die instruksies en beantwoord dan die vrae.

**TEKS A**

***Sent: woen. 2015/02/10 16:05***
***From: Lisan [LisanGreyling@gmail.com]***
***To: Magda Greyling***
***Subject: Ek is hier!***
*Liewe Ma & Pa*
*Ek is veilig. Die vlug was oukei, maar lank.*
*My tas het die vlug oorleef, maar wel snaakse kyke gekry oor die meters gladwrap wat daarom gedraai is. Eg Suid-Afrikaans.*
*Die Van Loons het by die aankomsaal vir my gewag. Die een langer as die ander. Met so doek waarop staan: "Welkom in Nederland, Lisan!" en 'n groot bos blomme. Geeske lyk soos op die foto's, net nog langer.*
*Die broer, Kees, is baie mooier as op die foto's. Ilse en Jan-Willem is heel gaaf, maar baie streng.*
*Dankie tog vir die dik jas, Ma, dis vriesend koud.*

1.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woord in die hakies te kies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Lisan is in Nederland, want sy is 'n (vakansieganger/uitruilstudent). (1)

1.2 In watter dorp in Nederland woon die Van Loons? Gee die naam van die dorp. (1)

1.3 Lisan het aan twee ander mense ook e-posse gestuur. Gee die naam van EEN van die ander mense. (1)

1.4 Dit is tans somer in Nederland.

Verduidelik waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Wat wou Lisan die graagste in Nederland gaan sien? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)

1.6 Voltooi die paragraaf deur die KORREKTE woorde in te vul. Gebruik die woordblok hieronder om jou te help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| karnavalnagklub | wit leuentjie | Kees | Jan-Willem |
| skooluitstappie | somervakansie | uitgeglip | |

Lisan het skelm saam met Geeske en haar maats (1.6.1)___ en na 'n (1.6.2)___ gegaan. (1.6.3)___ het hulle daar gevind en was baie kwaad. Lisan se straf was dat sy nie op die (1.6.4)___ mag gaan nie. (4)

1.7 Wat gaan in die Desembervakansie, terug in Suid-Afrika, gebeur? (1)

[10]



**<u>VRAAG 2: Donker nag (Hans du Plessis)</u>**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur. Beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

*Die reën val sagter toe sy uitloop op die donker parkeerplek. Sy hoor die bestuurder die restaurant sluit. Haar voetstappe klink hard in die nag se stilte. Op die groot parkeerruimte blink net twee motors, die restaurantbestuurder s'n en 'n ander een verder onder 'n donker boom.*

*Klara ril toe sy haar motorfietsie se staander aflig. Sy kyk om haar voor sy die ding aan die gang skop. Dit sukkel om te vat, seker van die natigheid. Die restaurantbestuurder sit en wag totdat sy ry. Sy waai vir hom dankie. Sy is alleen toe sy by die straat indraai; nêrens sien sy 'n beweging nie.*

*Klara laat die motorfietsie voor die donker huis luier, net om seker te maak voordat sy oopsluit.*

2.1 Kies die KORREKTE woord in die hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Klara werk in 'n restaurant as 'n (opwasser/kelnerin/skoonmaker). (1)

2.2 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer (2.2.1-2.2.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.2.1 Ons kan die man aan sy uiterlike hiermee uitken. | A. Kaptein Johan Stander. |
| 2.2.2 Hierdie wapen behoort aan Isabel. | B. Swart klapmus. |
| 2.2.3 Vermomming van die inbreker. | C. Littekengesig. |
| 2.2.4 Die persoon wat Klara wou aanval. | D. Die man van Tafel 4. |
| | E. Pistool. |

(4)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die spanning in die verhaal word veral deur hierdie een insident opgebou:

A. Die man wat by Klara probeer aanlê.
B. Die swaar weer.
C. Die man wat doodgeslaan word deur die weerlig.
D. Die motor onder 'n donker boom. (1)

2.4 Verduidelik hoe die twee mans (Tafel 4 en Tafel 6) in hulle optrede teenoor Klara verskil. (2)

2.5 Waar in die huis het Klara weggekruip? Wees spesifiek. (1)

2.6 Wat dink jy het aan die einde van die verhaal, net nadat Klara die foon hoor lui het, gebeur? (1)

[10]



**<u>VRAAG 3: Aspoestertjie en die drie bere (Nelia Engelbrecht)</u>**

Lees die onderstaande uittreksel uit die verhaal. Volg die instruksies en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS C**

*Sy oë is groen. Met blou spikkels daarin. Of is dit blou met groen spikkels?*
*"Uhm ... dis nou wel lekker om so te lê, maar miskien moet ons die een of ander tyd opstaan," fluister hy. Ek voel hoe my gesig vlam vat. Flip, ek háát dit as ek so bloos. Ek sal my vinnig uit die moeilikheid moet praat. Ek druk met my hande teen sy klam bors en kom regop.*
*"Sorry, ek het nie bedoel om jou voete onder jou uit te slaan nie," sê ek en glimlag koel. "Ek is Corli en dis my vriendinne, Triz en Vanessa."*
*"Hallo, Corli, dit was báie lekker om jou te ontmoet," sê die glimlaggende sonstoelhunk. "Ek is Gareth en dis my broers, Graham en Grant."*
*"Ek het vir julle koek gebring. Ek het gedink julle is dalk lus," sê Triz en sit die koek op die stoeptafeltjie neer.*
*Lus lyk die ouens beslis. Die een wat skynbaar Grant is, kyk met groot oë na die koek terwyl Graham met groot oë na Vanessa se bene staar.*

3.1 Voltooi die paragraaf deur die KORREKTE woorde in te vul. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Corli is nie skaam om haar sê te sê nie. Haar spesialiteit is om te (3.1.1)___. Triz (3.1.2)___ graag en Vanessa (3.1.3)___ gereeld. (3)

3.2 Gee een rede waarom Corli glo, die mense wat in Glenhaven woon, baie geld het. (1)

3.3 Corli wou baie graag iets wat aan haar behoort, by die bure se huis gaan haal.

3.3.1 Wat was hierdie "iets" wat sy wou gaan haal? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)

3.3.2 Hoe was dit moontlik dat hierdie "iets" by die bure se huis sou wees? (1)

3.4 Skryf die volgende sinne oor in die chronologiese volgorde soos dit in die verhaal gebeur het.

- Gareth en Kristen kom eet by Fausto's.
- Corli-hulle smeer kougom in Kristen se hare.
- Gareth soen vir Corli.
- Kristen pootjie vir Corli. (4)

[10]




**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: GEDIGTE

### VRAAG 4: Die gesteelde TV (Peter Snyders)

Lees deur die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Die gesteelde TV [Peter Snyders]

Wiet julle
dai was 'n cruel ding
wat ôs gedoenit
ommie Old Age Home
se TV te steel.

Dink maar net:
die ienagste plesier vannie senior citizens –
Wat dink julle discuss hulle nou?
Die gesteelde TV.

En hoe spend hulle hulle lonely nights?
Hulle kyk met blênk loeks
narie blênk spot
waarie TV gestaanit.

Niks meer laat aane,
niks meer news,
niks meer kinnesprograms,
ennie kêk was saam merrie TV gesteel.

Terug na Springbokradio –
television sonner pictures.
Jig!

Dai klomp ou biene
het nou veels te veel tyd
om hulle kwale te re-examine.

Nei, ouens
ôs was varke
om hulle boks speelgoed
soema soe af te vat.

Ek sê:
vanaand briek ôns weer in
byrie Old Age Home
en sit dai blênk-blerrie ding terug.

4.1 Kies die KORREKTE antwoord in die hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die spreker is 'n (Bergie/Kaapse kleurling/Kaapse kind). (1)

4.2 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan. (1)

4.3 Hoekom voel die spreker so sleg? (1)

4.4 Hierdie is 'n plek waar baie oumense saambly.

Bogenoemde stelling is WAAR. Bewys dit deur drie opeenvolgende woorde aan te haal. (1)

4.5 Hoekom word die woorde "niks meer" drie keer herhaal? (1)

4.6 Pas die omskrywings in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer (4.6.1-4.6.4) en die letter (A-F) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 Vier reëlige strofe. | A. Om te beklemtoon. |
| 4.6.2 "hul boks speelgoed" | B. Kaapse Afrikaans. |
| 4.6.3 Taalgebruik in die gedig. | C. Kwatryn. |
| 4.6.4 Funksie van die dubbelpunt. | D. Metafoor. |
| | E. Vergelyking. |
| | F. 'n Verduideliking gaan volg. |

(4)

4.7 Dink jy die spreker se oplossing vir die probleem is goed? Verduidelik waarom jy so sê. (1)

[10]



**VRAAG 5: Om groot te word (Maryke Heyns)**

Lees deur die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Om groot te te word - [Maryke Heyns]**

**1 Om groot te word**
**2 is so tussenin.**
**3 Grootmensdinge is nog ver,**
**4 kinderdinge word min.**

**5 Kom ons lag weer vrolik**
**6 vir die maan se vet, geel gesig.**
**7 Kom ons bring die trane**
**8 oor 'n dooie voëltjie terug.**
**9 Kom ons eet weer slap-tjips**
**10 en lek ons vingers af.**
**11 Kom ons word weer kinders.**
**12 Kom ons word weer laf.**

**13 Nou huil ons in 'n kussing**
**14 en wonder waarom.**
**15 Nou raak ons verlief**
**16 en dink die wêreld glimlag krom.**
**17 Nou's ons so tussenin, vals noot,**
**18 want: ons word groot.**

5.1 Vul die weggelate woorde in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer. Gebruik die woorde uit die woordblok hieronder.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| grootwordproses | grootmens | tiener | eenselwig | universeël | lewe |

Die spreker in die gedig val in die ouderdomsgroep van 'n (5.1.1)___. Ander kinders van hierdie ouderdomsgroep word ook hier verteenwoordig. Ons sê dus hierdie gedig is (5.1.2)___. Die hoofgedagte van die gedig handel oor die (5.1.3)___. (3)

5.2 Haal een versreël in strofe 1 aan wat bewys dat die spreker nie meer 'n kind is nie, maar ook nog nie 'n grootmens is nie. (1)

5.3 Haal ‘n voorbeeld van personifikasie in strofe 2 aan. (1)

5.4 Verduidelik die verskil tussen die “trane” in strofe 2 en dié in strofe 3. (2)

5.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.


Die tweede strofe is die langste, want ...

A. die digter wou baie dinge oor kindwees skryf.
B. die kind is besig om groot te word en weet baie van kindwees.
C. die spreker wil ‘n kind bly.
D. die spreker wil ‘n grootmens wees. (1)

5.6 Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. (1)

5.7 Noem een van die emosies wat in die gedig voorkom. (1)

[10]



**VRAAG 6: Jy mag maar (Hester Heese)**

Lees deur die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae.

**JY MAG MAAR** – Hester Heese

Jy mag maar jou koffie slurp
of in die piering gooi
Jy mag met vuil voete
uit die komposhoop
oor ons wit mat loop
Jy mag jou naels byt
vals sing
swak groente huis toe bring
die badkamer omkrap
die nat vloer opdroog met my waslap
Skakel maar die radio aan
om ses in die môre
en luister hoe hulle brabbel
oor veevrektes
aartappelroes
inseminasie
Jy mag maar snags hard snork
oor koue voete brom

As jy net terug kan kom.

6.1 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord in die hakies en skryf dit neer.

Die spreker noem hierdie spesifieke dinge in die gedig, omdat sy (altyd oor hierdie dinge gespog het/altyd oor hierdie dinge gekla het). (1)

6.3 Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. (1)

6.4 Wat het die man altyd met sy koffie gedoen as dit te warm was? (1)

6.5 Haal een woord uit die gedig aan wat vir ons sê die man probeer sy grond vrugbaar hou. (1)

6.6 Die man het ‘n slegte gewoonte met betrekking tot sy vingers gehad.

6.6.1 Wat was hierdie slegte gewoonte? (1)


6.6.2 Watter slegte gewoonte het **JY**? (1)

6.7 Watter beroep dink jy het hierdie man gehad? Verduidelik waarom jy so sê. (2)

6.8 Verduidelik wat met die laaste versreël geïmpliseer word. (1)

[10]






**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**<u>AFDELING C: FILMSTUDIE</u>**

**<u>VRAAG 7: PAD NA JOU HART</u>**

Beantwoord die volgende vrae oor die filmstudie, *Pad na jou hart*.

7.1 Kies die KORREKTE antwoord in die hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

*Pad na jou hart* is 'n (romantiese riller/romantiese tranetrekker/romantiese avontuurkomedie). (1)

7.2 Die volgende stelling is WAAR.

Basson van Rensburg het 'n baie groot ego.

Verduidelik waarom ons só kan sê. (1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

Basson wil nooit in 'n vliegtuig vlieg nie, want ...

A. hy is 'n bangbroek.
B. hy hou nie van hoogtes nie.
C. sy pa is in 'n vliegongeluk dood.
D. sy ma is in 'n vliegongeluk dood. (1)

7.4 Wie is Amory en hoe help sy vir Basson? (2)

7.5 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer (7.5.1-7.5.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.5.1 Amory trek haar lysies dood. | A. Basson. |
| 7.5.2 Hierdie man het Amory agtervolg. | B. Van Rensburg senior. |
| 7.5.3 Amory is baie ongesond. | C. Haar wense voor sy sterf. |
| 7.5.4 Hierdie persoon het vir Amory 'n tweede kans op oorlewing gegee. | D. Sy het 'n hartkwaal. |
| | E. Haar stiefpa. |

(4)

7.6 Wat gebeur aan die einde van die film wat vir ons sê dat Basson sy "ware noord" gevind het? (1)

[10]

**TOTAAL AFDELING C: [10]**

**GROOTTOTAAL : [70]**






# KLEUR DIE PRENT IN!



GENIET JOU VAKANSIE!